

Inhoud Hierdie preek wys dat die oorsaak van die mislukte staatsgreep in Suid Afrika is die korrupsie in die regering en die kerk. Beide omhels mag om die magtiges bokant regspraaklikheid en wetstoepassing te verhef asof dit versoening is. Die mislukte staatsgreep was 'n poging om die herstel van wet en orde om ver te gooi. Die moderne Christelikheid is egter nie tot wet en orde in 'n land verbind nie maar om voor die magtiges te buig en omhels te word, en dit versoening te noem.

Skriflesing 2 Korintiërs 5: 14 – 21; Rom. 13: 1 – 6.

Teks 2 Kor. 5: 21: "Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God geregverdig kan wees."

Tema Christus maak sondebaars regverdig en só wetsgehoorsaam

1. Ons gaan vandag alles wat ons saam met mekaar uit die Woord van die Here oor Absalom se staatsgreep gedeel het, afsluit deur die mislukte staatsgreep waardeur ons self gegaan het volgens die Woord van God te deurskou .

Volgens die Woord van God sal staatsgrepe altyd dieselfde aard hê, maak nie saak hoeveel eeue hulle uit mekaar plaasvind nie, in watter verskillende kulture dit gebeur nie, volgens watter motiverings en ideologie dit uit gevoer word nie en wie die persone is wat daarby betrokke is nie.

Daarom is dit nie sommer net toevallig hoeveel raakpunte tussen Absalom se mislukte staatsgreep en die mislukte staatsgreep waardeur ons gegaan het, is nie. Die raakpunte wys dat staatsgrepe dieselfde aard het.

Kom ons kyk na 'n paar sulke ooreenkomste!

- Absalom het homself as moordenaar in huisarres, nog steeds as die eintlike staatshoof gesien en só opgetree, net soos hulle wat hierdie mislukte staatsgreep hulle selfs in arres, en volgens wet van ampte onthef, nog steeds as die eintlike staatshoofde sien.
- Absalom het gewetenloos deur sy bediendes Joab se graanlande afgebrand om hom te dwing om toegang tot die koning te kry en uit arres te kom, net soos ons land gewetenloos geplunder en gebrand is om toegang tot die president van die land te verkry.
- Absalom het sy eie privaat weermagseenheid opgebou en sy militêre krag openlik vertoon om sy mag af te dwing, net soos die anargiste in ons land hulle eie paramilitêre eenheid opgebou het en aan ons vertoon het.
- Absalom het vir vier jaar lank die regstelsel ondermyn deur 'n eie beter reg aan mense te beloof, net soos die anargiste in ons land berekend die reg van die land bly ontdruk het, misbruik en ondermyn het.
- Absalom het Agitofel as hoof van staatsveiligheid gekaap om sy staatsgreep suksesvol te maak, net soos die staatsveiligheid van ons land gekaap was in hierdie mislukte staatsgreep.
- Absalom het in sy narsistiese sug na magsvertoon geglo hy kan die hele land as geheel teen gesag mobiliseer. Met hierdie dwaasheid kon hy nie met

wysheid handel nie. Dit is net soos die anargiste in ons land in hulle dwaasheid geglo het hulle sal met hulle anargie die hele land meesleur, maar eintlik het hulle hulself daardeur vernietig.

Met Dawid se optrede as staatshoof is daar ook duidelike parallele!

- As staatshoof kon Dawid nie dadelik die staatsmagte mobiliseer nie, omdat hy onseker was oor wie deel van die beplande staatsgreep was. Ons president was in presies dieselfde posisie met die polisie, weermag en staatsveiligheidshoofde.
- As staatshoof moes Dawid die plundering en moord op die grootste deel van Israel deur die optrekkende rebellemag magteloos aanvaar en terug trek om vir eers soveel as moontlik lewens te probeer spaar. Ons president het vir eers gesorg dat die anargiste nie summier geskiet is nie.
- Dawid moes eers hergroepeer en sy eie mag konsolideer voor hy die staatsmagte teen die rebellie kon gebruik. Ons president moes dieselfde doen.
- Dawid het nie die tempeldiens gebruik om mense teen die rebellie te mobiliseer nie. Ons president het ook nie probeer om godsdiens te gebruik om teen die beplande staatsgreep op te tree nie.
- Dawid het die volle mag van die staatsmagte teen die opstand ontplooi nadat hy orde in sy eie magte gebring het. Ons president het dieselfde gedoen.

2. Daar is egter 'n groot verskil tussen die karakter van 'n staatsgreep en die werklike oorsaak van staatsgrepe. 1 en 2 Samuel openbaar van begin tot einde die werklike oorsaak van die twee mislukte staatsgrepe van Absalom en Adonia teen Dawid.

Dit was die houding van die koning dat hulle mag hul bokant regs aanspreeklikheid vir hulle amp en dienswerk verhef. Dit was hierdie wyse waarop Dawid as koning opgetree het, wat geweld deel van sy eie koningshuis gemaak het, vanaf Dawid tot en met die laaste koning van Israel en Juda. (2 Sam. 12:10)

1 en 2 Samuel openbaar dat die kerk se priesters net so eimagtigheid was. Eli het homself en sy seuns verhewe bo regs aanspreeklikheid gesien vir hulle diefstal en prostitusie in tempel.

Hierdie magshouding van konings en priesters word vir ons visueel uitgebeeld deur die liggaamshouding buig, omhels en soen! Absalom buig voor die mag van sy pa, en word met 'n soen verskoon van sy moord. Absalom omhels en soen mense wat hy doelbewus so hanteer dat hulle voor hom as rebelle-koning en nie meer voor die regte koning wil buig nie.

Hierdie buig voor mag om deur magtiges omhels en gesoen te word, is die versoening se versoening. Die wat voor hul mag buig is van die regs aanspreeklikheid voor die wet onthef en van regstoepassing gevrywaar.

Christus maak sondaars regverdig en só wetsgehoorsaam

Dit is wêreldse mag en versoening: buiging voor mag word met soene en omhelsings verseël. Met hierdie tipe versoening is konings en priesters besig. En dit is hierdie mag en versoening wat die hart en oorsprong van alle geweld teen die staat is - die korrupsie waaruit hierdie geweld kom, is binne die instellings en bedryf van die regering en kerk. Magsuitoefening bo regspraaklikheid en versoening as vrywaring van regstoepassing – is die oorsprong van geweld!

3. Kan dit ook waar wees van hierdie mislukte staatsgreep waardeur ons gegaan het: dat hierdie geweld se oorsprong die korrupsie van die regering en kerk is, die tipe korrupsie dat mag jou bo regspraaklikheid bo die wette van die land verhef en jou vrywaar van regspleging?

Om dit te kan toets moet ons eers vasstel wat volgens die Bybel die verskil tussen Christelike versoening en wetsgehoorsaamheid, tussen die bediening van die kerk en die werk van die regering is. Hierdie verskil word vir ons openbaar in 2 Korintiërs 5 en Romeine 13.

Hoe versoen Christus ons met God?

Hy versoen ons as sondaars met God! Nie deur ons sondes te verskoon of ons bokant die reg van God se wet te stel nie, maar deur Christus ons sonde te maak. Christus sluit ons só in en met Homself as mens in, dat Hy ons sonde met ons is omdat die deler so goed soos die steler is.

God maak ons regverdig soos Paulus dit bely: “ons het tot die insig gekom dat indien Een vir almal gesterf het, almal dan gesterf het.” (2 Kor. 5: 14) As Christus een is met al ons sondes, kan Hy vir al hierdie sondes die straf dra deur met sy lewe te betaal. As Hy vir ons sondes gestraf is, het ons die straf vir sondes gekry, omdat ons in Hom ingesluit is wat gestraf is. Daarom reken God nooit weer ons sondes aan onself toe nie. Christus was ons sonde en het dit alles verreken.

Maar geregtigheid is meer as om ongeregtigheid te straf. Geregtigheid beteken om regverdig te wees. Geregtigheid is liefde wat reg is, nie net optredes wat reg is nie. Geregtigheid is om reg te wees vir God se liefde. Dit is wat reg en geregtigheid volgens Christus as Here beteken: reg vir God se liefde en liefde wat vir God reg is.

Christus versoen ons met God deur ons en ons liefde regverdig te maak vir God se liefde. Dit is ook omdat ons ingesluit word en deel is van die geregtigheid van Christus as mens in die hemel. Daarom kan ons deur Christus vir God as regverdige mense leef, want ons is Christus se regverdigheid.

God versoen Hom met ons as sondaars deur Christus ons sonde te laat wees en Hom daarvoor te straf, en ons Christus se geregtigheid te laat wees en ons daarvoor te beloon – Syne is myne en myne is Syne. Só bly ons in Christus teenoor god regspraaklik en binne die toepassing van God se wet.

4. Aan die kerk het God die bediening van versoening gegee!

Wat is hierdie kerklike bediening van versoening? Paulus beskryf dit só! “Ons tree dus op as gesante van Christus asof God self deur ons ’n beroep op julle doen. Ons pleit by julle, om Christus ontwil: “Laat julle met God versoen!”

Christus maak sondaars regverdig en só wetsgehoorsaam

Die kerk se bediening van versoening is om by mense te pleit om God se versoening in Christus te glo! Dit is die bediening om aan te kondig en te verkondig dat Christus jou sonde is en jy Christus se geregtigheid is, deur jou vereniging met Christus as mens in die hemel. Dit is die aankondiging dat jy self nooit deur straf vir sonde met God versoen word nie, ook nie deur self reg te wees en reg te doen nie. Dit is die aankondiging dat jy met al jou gesukkel met sonde vir God kan leef omdat Hy jou vir sy liefde reg maak en reg laat wees.

Hierdie kerklike bediening het altyd die karakter van 'n pleitrede!

Dit is iets anders as 'n gesoebat! Die pleitrede is 'n besorgde aanmoediging en oproep om in Christus te glo! Dit is altyd 'n besorgde oproep om nie 'n versoening met God te soek waarin jy jou eie sondes verskoon of probeer reg maak nie.

Hierdie kerklike bediening van versoening is altyd dienslewering! Die kerk het nooit mag tot versoening nie want hulle kan nie regverdigheid bewerk of bemiddel nie. Hulle kan ook nie straf dra of kwytgeld nie.

Hulle kan net aankondig wat God in Christus doen en mense oproep tot geloof. Net dit! Niks anders nie! Dit is die enigste versoening met God wat daar is en kan wees. Die kerk kan geen ander versoening bedien as die versoening in Christus nie.

5. Ons verbintenis tot die wet en orde van die land is 'n gewetensaak. Dit is hoe Paulus dit kwalifiseer: "Dit is dus noodsaaklik om onderdanig te wees, nie net uit vrees nie, maar ook terwille van jou gewete.(Rom. 13:6)

Christus is ons gewetensaak! Nie ons eie morele waardes of ons voorbeelde gehoorsaamheid nie.

Hoe is Christus ons gewetensaak? Hy is die Here wat ons vir sy liefde regverdig maak. Hy maak ons en ons liefde vir Hom volgens sy wet reg! En Hy is dieselfde Here wat owerhede skeep en gebruik om wet en orde in gemeenskappe te handhaaf, omdat Hy lief is vir reg en geregtigheid.

Die Here wat ons met Hom versoen het deur ons vir sy liefde reg te maak en die Here wat regerings aanstel of tot 'n einde bring, is een en dieselfde Here. Daarom is ons verbintenis tot wet en orde 'n gewetensaak teenoor God met wie ons as sondaars versoen is.

Die gesag van regerings is regspraaklikheid van alle mense teenoor en onderwerping aan die regstoepassing van die land. Die middele waardeur 'n regering regspraaklikheid en regstoepassing vorm is deur landswette te maak en hierdie wette die orde van een gemeenskap te maak. Die middele waardeur 'n regering hierdie wet en orde afdwing is deur straf en beloning volgens die magte van die regering: aanstelling en bevordering in ampte, toekenning van dienslewering en strawwe deur howe.

Christus maak sondaars regverdig en só wetsgehoorsaam

Die aard van hierdie regspraaklikheid en onderwerping aan regstoepassing is gelykheid voor die wet en die reg om tot die gemeenskap te behoort. Niemand mag bo die wet gestel word of uit die gemeenskap verstoot word deur die owerheid nie.

6. Gelowiges se gehoorsaamheid aan die regering is 'n gewetensaak teenoor die Here wat hulle regverdig gemaak het.

Die gehoorsaamheid aan die owerheid beskryf Paulus as “Betaal aan almal wat hulle toekom: belasting aan wie belasting, tolgeld aan wie tolgeld, ontsag aan wie ontsag en eer aan wie eer toekom.” (Rom. 13:6)

Watter gehoorsaamheid mag ons nooit aan enige regering gee nie?

Liefde! Ons het nooit enige regering lief nie. Ons het God en ons naaste lief, maar nooit enige regering nie.

Wat mag 'n regering nooit van ons eis volgens hul amp of met hulle magte afdwing nie?

Die reg en geregtigheid volgens die wet van God! Geen regering mag ons volgens God se wet onregverdig verklaar of so behandel nie of regverdig verklaar en ons so behandel nie.

Die gesag wat ons Here aan owerhede gee is nie die gesag om reg en geregtigheid te laat geskied nie. Reg en geregtigheid gaan oor die regte liefde vir God en ons naaste. Dit is net Christus wat reg en geregtigheid aan sondaars laat geskied. Die wyse waarop Christus reg en geregtigheid vir sonde laat geskied is om sonde te wees en ons sy regverdigheid te laat wees.

Geen owerheid kan só reg en geregtigheid laat geskied nie. Geen owerheid is ingestel om sy burgers se liefde reg te laat wees nie. Owerhede handhaaf die wet en orde van die land. Hulle laat nie God se reg en geregtigheid geskied nie.

Daarom gee ons aan God wat God toekom, liefde sat Hy reg laat wees en aan die keiser wat hom toekom: “Gehoorsaamheid aan die wet en orde van die land!

7. Buig, omhels en soen! Wat is dit: “buig, omhels en soen?”

Dit is magtiges, konings en priesters wat hulle self bo regspraaklikheid en die toepassing van reg verhef! Dit is wanneer hulle wat regeer en moet dien, die gesag en diens van die owerheid en kerk, hulle persoonlike magte maak waarmee hulle hulself bokant die wet en orde van die land verhef!

Buig, omhels en soen, is hoe die kaderontplooiing van die begin af in ons land plaasgevind het: Bekwame amptenare moet uit poste ontruim word met skeidingspakkette om vir mense wat die mag van die nuwe magtiges verteenwoordig, plek te maak. Mense wat voor mag buig word met mag omhels en gesoen: hulle kry aanstellings, bevorderings en geleenthede. Mense wat die mag dien, word bokant regspraaklikheid en regstoepassing verhef, gaan nie tronk toe nie, word met beter poste beloon en mag die openbare bates van die land roof

Christus maak sondaars regverdig en só wetsgehoorsaam

en plunder. Mense wat geen dienste kan lewer nie, kry geld vir dienslewering en mense wat nie kontrakte kan nakom nie, kry kontrakte.

En dit het die regering, van die begin af bedryf as versoening. Dit tipe versoening dat jy net moet buig, omhels moet word en gesoen moet en dit aanvaar!

8. Wat is die oorsprong van die mislukte staatsgreep waardeur ons gegaan het?

Om dit toe te skryf aan armoede en die verskil tussen ryk en arm, is 'n algehele minagting van die arm mense in ons land. Want dit beteken mos die armes het 'n staatsgreep beplan of aan die poging tot 'n staatsgreep deelgeneem omdat hulle arm is.

Jy roof, brand en plunder omdat jy arm is! Dit is mos net 'n gerieflike leuen. Feitlik elke arme in die land probeer sy lewe verbeter, soos arm ouers leef met die minimum om hul kinders geleenthede te gee. Die meeste arm mense in die land het glad nie op die oproep tot rebellie, plundering, brand en roof gehoor gegee nie, want hulle wou net probeer oorleef met elke moontlik geleentheid. Hulle wou nie werksgeleenthede vernietig nie. Om die vernieling van eiendom nou skielik aan dom arm mense toe te skryf, is die diepste minagting vir armes wat daar kan wees.

Die beelde wat ons op TV gesien het was nie van maer verhongerde mense wat versukkeld kos probeer kry nie. Dit was meestal vet uitgevrete lummels wat met 'n opgewonde geïll TV's, sitkamerstelle en luukse toebehore gevat het en in karre, bakkies en luukse motors gelaai het..

Dit gaan oor die verskuiwing wat daar in die land gekom het. Skielik het die regering begin om mense wat met mag 'n duisend keer meer geroof en geplunder het as wat die massa nou gedoen het, regs aanspreeklik te begin hou deur regstoepassing.

Net dit, niks anders nie! Magtiges wat skielik deur die toepassing van wet en orde, regs aanspreeklik gehou word deur regstoepassing!

Dit alleen is die bron en oorsprong van hierdie mislukte staatsgreep! Dit gaan om met geweld die gelykheid voor die wet te vernietig vir begunstiging en vrywaring van die wet en wetstoepassing! Dit word mos nou voor ons oë skaamteloos, gewetenloos en brutaal deur hulle wat die staatsgreep aangevoer het geëis: verskoon almal met mag van regs aanspreeklikheid en regstoepassing, weer 'n keer en nog 'n keer!. En as julle nie voor hierdie eise bui, dit omhels en soen nie, dan brand en plunder ons die land weer!

Hierdie opstand was 'n magsdemonstrasie van hulle wat weet die land kan skuif van buig, omhels en soen na wet en orde!

9. Wat was die Moderne Christelikheid in die kerke se aandeel in hierdie mislukte staatsgreep!

Buig, omhels en soen, want dit is God se versoening wat die kerk bedien!

Christus maak sondaars regverdig en só wetsgehoorsaam

Dit was van die begin af die wekroep van die moderne Christelikheid in ons land gewees. Hulle het burgerlike versoening as God se versoening vir die nasie bedien!

Wat is burgerlike versoening?

Dit is om as groep wat mekaar beveg en met mekaar in oorlog was, te vind in gemeenskaplike ooreenkomste en as gemeenskap so vrede te sluit dat elkeen 'n nuwe regering se gesag aanvaar en aan die hele gemeenskap diensbaar is. Hoe werk burgerlike versoening? Deur - "Betaal aan almal wat hulle toekom: belasting aan wie belasting, tolgeld aan wie tolgeld, ontsag aan wie ontsag en eer aan wie eer toekom." (Rom. 13:6)

Omdat elkeen gelyk is voor die wet en elkeen ingesluit is in die orde van een gemeenskap, betaal ons belasting aan die nuwe regering, het ons ontsag vir die nuwe ampsdraers en betoon ons eerbied aan elkeen wat in 'n staats- of regeringsposisie is.

Wie só optree teenoor mense en partye wat voorheen hulle vyande was en met teen wie hulle oorlog gevoer het, het burgerlik met die regering en gemeenskap versoen.

10. Die moderne Christelikheid het iets anders gedoen – hulle het liefde vir die nuwe nasie en die nuwe regering geëis! Nie gehoorsaamheid nie, maar liefde!

Hulle wou nie net binne die wet en orde van 'n nuwe regering en gemeenskap leef nie. Hulle wou deur die wette en magte van die land die reg en geregtigheid van God se wet laat geskied.

Hoe het hulle dit bedryf?

Deur Christelike boetedoening! Wie Christelik boete doen is besig met versoening en wie nie met boetedoening besig is nie, het nie versoen nie. Kan u dit raaksien? Burgerlike versoening beteken ons beveg mekaar nie, maar sluit ooreenkomste om weer aan die nuwe regering belasting te betaal, ontsag en eerbied te betoon.

En toe kom die moderne Christelikheid met 'n nuwe soort burgerlike versoening – wie bekeer en betaal vir sy sondes, nie belasting betaal nie, is met versoening besig. Hulle wat nou belasting betaal, en eerbied en ontsag vir die owerheid het het nou skielik nie meer versoen nie.

Wie moet dan bekeer en betaal? Hulle wat sondig was! Wie was sondig? Die vorige magte, nie die nuwe mag nie. Wie nou moet bekeer en betaal is die onmagtiges!

Die moderne Christelikheid het nog nooit van enige persoon wat nou in mag is bekering en betaling vir sondes in die openbaar vir die verlede geëis nie. Net hulle sonder mag moet nou bekeer en betaal.

Dit het 'n nuwe soort waansin in die gemeenskap geskep: as jy openbaar jou sondes van die verlede bely, dan hoef jy nie daarvoor regspraak te wees nie en sal daar geen regstoepassing op jou wees nie.

Christus maak sondaars regverdig en só wetsgehoorsaam

11. Wat wou hierdie tipe Christelikheid bereik?

Buig, omhels en soen!

Wie hulle voor die nuwe magte van die land buig, hulle deur hierdie mag laat omhels en in hierdie mag gesoen word, het volgens hulle God se versoening ontvang!

Hierin het die kerk toe 'n nuwe rol gekry, terwyl almal sonder mag met hierdie geestelike versoening aan die nuwe mag onderwerp word, staan die magte self nie regspraaklik en binne die toepassing van die reg nie. Eli en sy seuns is die kerk vir die eimagtige Dawid, Absalom en Adonia.

Wanneer hulle magtelose mense nou uit werksgeleenthede uitsluit, van prestasies weerhou en bevordering ontnem vir diens en getrouheid, het die moderne Christelikheid dit as God se regstellende aksie verkondig waarmee die Christene hulle moet versoen!

Wanneer magtelose mense se besigheid geroof en opgeëis word, moet die Christene dit as swartbemagtiging aanvaar waardeur God se versoening in die land kom.

Wanneer die regering dan magtelose mense se eiendom kom vat sonder vergoeding, moet hulle dit aanvaar in die gees van God se versoening.

En toe?

Wat noem 'n mens dit as mense winkels binne stroom en goed vat wat nie aan jou behoort sonder om te betaal? Dit is anargie en plundering! Maar wanneer die magtiges in magsposisies mense se plase kom vat sonder vergoeding deur die wetgewing land en die beskermingsmagte van die land, wat noem jy dit dan, "vat sonder om te betaal wat nie aan jou behoort nie." Dan noem jy hierdie roof en plunder deur magtiges - Christelike versoening! Hierdie vat sonder vergoeding was voor die plundering van die massas as die versoening van die magtiges en die geestelikes voorgehou en voorgeleef vir die hele gemeenskap.

Buig, omhels en soen, was mos volgens hulle christelike versoening. As dit so is, dan sal hulle en moet hulle mos nou weer die magtiges wat die land met roof en plunder wou vat, verskoon van regspraaklikheid en onthef van regstoepassing deur weer versoening vir die laaste paar weke se plundering te preek.

Want ons moet mos buig, omhels en soen om mekaar van enige regspraaklikheid te verskoon!

Die Christelike kerk wat God se versoening in Christus as burgerlike versoening gepreek het, vir die onmagtiges teenoor die wat die land as amptenare geplunder het, is die oorsprong van die mislukte staatsgreep - daarom is hulle nou so stil dat jy wonder of hulle nog daar is!

Christus maak sondaars regverdig en só wetsgehoorsaam

12. Kom ons ontdek die werklike bron van hierdie staatsgreep mentaliteit – magtiges wat hulle verhef bo regspraaklikheid en priesters wat dit as God se versoening preek.

Kom ons breek uit hulle mag! Kom ons glo ons versoening – ons is geregverdig om God en ons naaste lief te hê, nie regerings nie. Ons gehoorsaamheid aan wet en orde is vir ons 'n gewetensaak teenoor Jesus Christus.

Was ons en die oorgrote meerderheid gelowige se afkeur en wegkeer van hierdie opstand hoe ons vir “demokrasie geveg het”, of is dit net hoe ons Christene is? Ons het God lief en is gehoorsame landsburgers volgens ons gewete! Ons het nie die regering lief en probeer vir God reg en geregtigheid bedryf nie.

Ons het God lief en leef regspraaklik binne die wetstoepassing van die land. Dit is net wie ons is! Ons was dit onder die vorige regering, deur regeringsveranderinge, onder die nuwe regering en sal dit ook onder die volgende regering wees.

Ons het God lief en leef regspraaklik teenoor die wette van die land, dit is ook wie ons is wanneer anargiste ons in hul wetteloosheid wil meesleur.

Ons is wie die Here ons maak, nie wie magtiges ons voor misbruik nie: ons gee aan god wat god toekom en aan die keiser wat die keiser toekom!